Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5

(21010035)

**2 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.**

166Q1B2002

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**
NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Die aard van openbare beleid | A | koördinering |
| 1.1.2 | Belangrike besluitnemingsproses | B | begroting |
| 1.1.3 | Wet wat deur die plaaslike owerheid uitgevaardig word | C | werwing |
| 1.1.4 | Groepering van soortgelyke funksies in 'n organisasie | D | beleid |
| 1.1.5 | Stelsel waarin saamgewerk word om eenvormige optrede te bewerkstellig | E | parlement |
| 1.1.6 | Funksionele aktiwiteite | F | ontleed die probleem |
| 1.1.7 | Voorgestelde inkomste en uitgawes vir die finansiële jaar | G | grief |
| 1.1.8 | Hoogste politieke gesag wat beleid vorm | H | organisering |
| 1.1.9 | Proses waarvolgens die hoogste gekwalifiseerde kandidate gelok, gekeur en aangestel word | I | hertoewysing |
| 1.1.10 | Amptelike klagte deur 'n werknemer | J | deur die regering geformuleer |
| | | K | lynstelsel |
| | | L | verordening |
| | | M | finansiering |

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Openbare beleide is nie die handelswyse nie.

1.2.2 'n Tydsdimensie impliseer dat doelwitte op datum gehou moet word.

1.2.3 Op die organisatoriese diagramme word die struktuur van handleidings getoon.

Downloaded from www.mycourses.co.za

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

1.2.4 Die balansering van aktiwiteite beteken dat al die aktiwiteite in die korrekte logiese en wetlike volgorde uitgevoer word.

1.2.5 Die hoofbegroting bestaan uit alle bedryfsuitgawes en kapitaalbestedings.

1.2.6 Byvoordeelbelasting word op motorsubsidies gehef.

1.2.7 Wanneer die ouditeur-generaal aangestel word, word die bepalings van Hoofstuk 9 van die Grondwet in aanmerking geneem.

1.2.8 Werkgewers behoort nie stappe uit te voer om werknemers se gesondheid en veiligheid te waarborg nie.

1.2.9 Die Openbare Dienskommissie behoort nie navorsing oor personeelvoorsieningsfunksies uit te voer nie.

1.2.10 PERSAL is die gerekenariseerde personeel- en salarisstelsel wat in die openbare sektor gebruik word.

(10 × 2) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1 Verduidelik SES eksterne faktore wat beleidsvorming beïnvloed. (6 × 2) (12)

2.2 Verduidelik die VIER vlakke van beleide. (4 × 3) (12)

2.3 Noem en verduidelik SEWE rolspelers wat betrokke is wanneer beleide opgestel word. (7 × 2) (14)

2.4 Definieer die term *belange-/drukgroep*. (2)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou 

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## VRAAG 3

3.1 Verduidelik kortliks DRIE soorte begrotings wat volgens tydperk geklassifiseer word. (3 × 2) (6)

3.2 Noem en verduidelik VIER kenmerke van die staatsbegroting. (4 × 2) (8)

3.3 Noem en verduidelik AGT instellings wat by staatsfinansies betrokke is. (8 × 2) (16)

3.4 Verduidelik VYF beginsels van finansiële beheer. (5 × 2) (10)
**[40]**

## VRAAG 4

4.1 Verduidelik die hedendaagse klassifikasie van organisasieteorie. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VYF faktore wat met interne organisatoriese reëlings gemoeid is. (5 × 2) (10)

4.3 Noem VIER soorte funksies in enige instelling en verduidelik die toepaslikheid daarvan. (4 × 2) (8)

4.4 Bespreek SES faktore wat 'n rol in die bepaling van beheerspanwydte speel. (6 × 2) (12)
**[40]**

## VRAAG 5

5.1 Verduidelik die prosedure waarvolgens griewe gehanteer word. (5 × 2) (10)

5.2 Noem AGT soorte rekords wat alle openbare instellings se mensehulpbronafdeling moet hou en in stand moet hou. (8 × 2) (16)

5.3 Verduidelik DRIE faktore wat die bepaling van diensvoordele beïnvloed. (3 × 2) (6)

5.4 Verduidelik kortliks VIER salarisvereistes in die openbare sektor. (4 × 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou